Bedieningsplan vir Gereformeerde Kerk die Bult

1. Identiteit

Ons is Christene wat elke dag, heeldag IN, OP en OOR die Bult te lewe.

Die volgende diagram bied 'n grafiese voorstelling van die terreine waarop ons die identiteit uitleef:



Hierdie beeld van die gemeente se bedieningsterreine word nie verstaan as sou die "in, op en oor" in afsonderlike kompartemente geplaas moet word nie: wat *in* die gemeente gebeur staan nie los van *op* en *oor* nie, en andersom. Die beeld gee konkrete uitdrukking aan die implikasies van Jesus se woorde oor die vestiging van Sy koninkryk, weergegee in Handelinge 1:7-8, vir ons gemeente vir vandag:

> *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*

Die gemeente beskik oor besondere middele en gawes wat met wysheid en toewyding in diens van die Koninkryk aangewend moet word. Dit verg beplanning en fokus sodat dit wat tot ons beskikking is, ten beste benut word. Dit bring ook mee dat keuses gemaak moet word sodat bedieninge volhoubaar is, maar ook dat nuwe bedieningsbehoeftes wat op ons pad kom, verantwoordelik oorweeg kan word.

2. Aansluiting by die Kerkgroeistrategie van die Kerkverband

Hierdie Bedieningsplan sluit nou aan by die Kerkgroeistrategie en poog om dit te verwesenlik.

Die Kerkgroeistrategie word in die volgende diagram voorgestel en dien as skema om die gedagtelyne in die strategie saam te vat. (Verwys *Handelinge van die Sinode van ie GKSA 2015 Art. 27*).

ALLES TOT EER VAN GOD

'n Kort samevatting van die verduideliking van die vier vlakke in die diagram, wat taakstellings vir die Gemeente is,verskyn in die Aanhangsel.

3. Inrigting van die bedieningstrukture

Die Kerkgroeistrategie vorm die uitgangspunte van die bediening, wat alle bedieninge ten grondslag lê en in al die bedieningstrukture nagestreef word. Die inrigting van die bedieningstrukture is bedoel om ons Identiteitstelling uit te leef en die Kerkgroeistrategie werklikheid te maak.

Ter wille van goeie beplanning kan onderskei word tussen bedieningsfokusse van die gemeente in, op en oor die Bult aan die een kant, asook ander bedieninge. In die eerste kategorie val dit wat van die gemeente 'n lewende plaaslike kerk maak en in die tweede kategorie, bedieninge wat by geleentheid of volgens die beskikbaarheid of betrokkenheid van individuele lidmate of diensgroepe geïnisieer en bestuur kan word.

Die klem in hierdie Bedieningsplan val op 'n klein aantal bedieningsfokusse waarop die gemeente die beperkte beskikbare arbeidskragte en geldelike bronne rig. So kom daar 'n samesnoering van vermoëns van alle lidmate ten einde aktiewe ondersteuning te gee. 'n Deel van die werkwyse is dat diensgroepe tot stand kom om die verskillende bedieningsfokusse kragdadig te bevorder en om die lidmate aktief hierin te betrek.

Die inrigting van die bediening binne die gemeente – “In die Bult” – is gerig op die opbou en uitbou van die gemeente en op die aktiewe bevordering van die bedieningsfokusse “Op en Oor die Bult”.

4. Bediening binne die gemeente – "In die Bult"

4.1. Situasie-analise 2017

- Die gemeente is nou by die 800 lidmate groot, wat dit 'n groter wordende gemeente maak.
- Ons erken die unieke diversiteit in die gemeente in die studente, internasionale lidmate, kinders en ook ʼn groot groep ouer lidmate.
- Daarby verander ons omgewing op die Bult en in ons land teen ʼn geweldige tempo. Nie-Afrikaansprekende mense word ʼn al groter deel van ons onmiddellike omgewing.
- Dit bly steeds ʼn uitdaging om in ʼn groot gemeente gesonde verhoudings te bou. Daar is baie lidmate wat baie lidmate nie ken nie.
- In ons tradisie gebeur dit maklik dat die verantwoordelikheid vir die bediening maklik na die predikante verskuif word. In ʼn groter gemeente word dit onmoontlik en daarom sal daar gekyk moet word na die desentralisasie van verantwoordelikheid.
- Die diakonie as groep word tans onderbenut in die bediening. Met die tyd saam het daar in die samewerking in die dienswerk van ouderling, diaken en lidmaat ʼn afstand gekom.

4.2. Inrigting van die bedieninge binne die gemeente

- Daar is bedieninge van die gemeente as geheel, waaronder die eredienste.
- Lidmate word ingedeel in KLEINGROEPE en WYKE en die herderlike bedieningsverantwoordelikheid vir elk berus by 'n ouderling tesame met die predikante.
- Die bediening hou rekening met die diversiteit in die gemeente, soos volg:
    - studente
    - internasionale lidmate
    - senior studente en jong werkendes
    - gesinne met voorskoolse kinders
    - gesinne met skoolkinders
    - middelgroep
    - lidmate bo 65 jaar.
- Elk hiervan het ʼn eie AKTIVERINGSGROEP, bestaande uit
    - VOORSITTER – verantwoordelik vir die saamroep en bestuur van die aktiveringsgroep. Woon ook aktiveringsgesprekke by saam met predikante en die ander aktiveringsgroepe se voorsitters. (Een gesprek per bedieningsiklus).
    - SKAKELPERSOON – tree op as skriba van die aktiveringsgroep en sou die aktiveringsgroep op die Bedieningskommissie kon verteenwoordig.
    - KLEINGROEPORGANISEERDER – neem verantwoordelikheid saam met kleingroepverteenwoordigers vir die instandhouding van huidige en vestiging van nuwe kleingroepe.
    - Ten minste een lid uit die DIAKONIE – om saam met ander diakens en gelowiges die diakonaat aan die groep te koördineer en die groep op die diakonie te verteenwoordig.
    - Enige ADDISIONELE LEDE soos die diensgroep dit goeddink.
- Die taak van die AKTIVERINGSGROEP:
    - Beplanning, organisasie en aktivering van die nodige aktiwiteite vir ʼn beter bediening AAN en DEUR die lidmate IN, OP en OOR die Bult.

    - Saamstel van ’n begroting.
    - Die groep is nie primêr verantwoordelik vir die herderlike bediening nie, maar skakeling met ouderlinge wat verantwoordelik is vir lidmate is noodsaaklik. (Die ouderlinge neem steeds daardie verantwoordelikheid.)
    - Frekwensie van byeenkomste van die aktiveringsgroepe word deur die groepe self bepaal, maar daar word van die groepe verwag om voor die Bedieningskommissie se vergadering in elk van die 3 bedieningsiklusse te vergader.
- Die predikante vergader van tyd tot tyd saam met die voorsitters van die aktiveringsgroepe vir Bybelstudie, gebed en saampraat oor die bediening in die gemeente. Ouderlinge is welkom en word volgens rotasiestelsel na hierdie byeenkomste uitgenooi.
- Die Bedieningskommissie: Die kommissie bestaan uit die predikante, verteenwoordiger van elk van die sewe bedieningsdiensgroepe (verkieslik die skakelpersoon) en ander lede uit die gemeente soos aangewys. Die bedieningskommissie vergader drie keer per jaar en sal verantwoordelik wees:
    - vir die oorkoepelende bedieningsplan in die gemeente.
    - rigtingaanduiding van die begrotingsproses volgens bedieningsfokusse.

5. Bedieningsfokusse “Op die Bult”

Met die totstandkoming van die gemeente in 2011 het die bediening *op die Bult* voorrang geniet as motivering vir die eenwording van die twee gemeentes. Albei vorige gemeentes was diep onder die indruk van die dramatiese verandering in die demografie op die Bult en die roeping teenoor die groot getalle jongmense wat nou hier woon. Hierdie siening is in ooreenstemming met die Missio Dei, wat die kern van die Kerkgroeistrategie vorm. Hieruit spruit twee primêre bedieningsfokusse voort:

5.1. Die G5-bediening

Die G5-bediening wat ook die strategie van luisterbediening gebruik, het ten doel om 'n sterk kerngroep jong lidmate van die gemeente saam te trek ten einde uit te reik na mense op die Bult en hulle in hulle geestelike en fisiese nood te bedien. Dit is wenslik dat so veel moontlik lidmate van die gemeente blootstelling moet kry aan hierdie bediening ten einde deelname daaraan en ondersteuning daarvan deur almal in die gemeente te laat groei.

5.2. Die Internasionale Bediening in Engels

Die bediening in Engels is ook op die mense van die Bult gerig, maar dan op diegene vanuit die buiteland en ook binnelanders wat Afrikaans nie magtig is nie. Daar is meer en meer van hierdie mense wat hier woon en dit bied 'n besondere geleentheid wat onder meer die aanbied en uitbou van 'n erediens in Engels inhou. Die eredienste en sakramentbediening asook die pastorale versorging in Engels staan nie los van die ander bedieninge van die gemeente nie, ten spyte daarvan dat daar heelwat wisseling van deelnemers daarin is en net 'n klein groep gereelde deelnemers lidmate van die gemeente is.

6. Bedieningsfokusse “Oor die Bult”

6.1. Venterskroon

Die bediening by Venterskroon word aangepak as 'n bedieningsfokus van die gemeente “oor die Bult”. 'n Diensgroep bestaan hiervoor en is deurlopend in gesprek met Cachet om die bediening op 'n gesamentlike basis aan te pak. Prof. Letsosa lei op Sondae die eredienste daar.

6.2. Ander betrokkenhede

Die voormalige gemeentes het op verskeie wyses groter of kleiner betrokkenheid gehad by of belangstelling in bedieninge wat beskryf kan word as bedieninge in die kategorie van die spreekwoordelike "hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld" en in sommige gevalle bestaan dit voort. Dit sluit byvoorbeeld Mukhanyo, die Franse Radiobediening, Boskop, Pemba en die Kongo in. Hierdie en ander bedieninge wat van tyd tot tyd op die pad van die gemeente mag kom behoort steeds soos en wanneer nodig ondersteun te word.

7. Begrotingsimplikasies van die Bedieningsplan

Ooreenkomstig die benadering wat die kerkraad op 5 Augustus 2012 aangedui het, is dit wenslik dat daar begroot word vir 'n inkomste aan die hand van die gestelde behoeftes van die Bedieningsplan. Dit vereis dat, wanneer gevra word na die omvang van lidmate se beplande bydraes, die lidmate goed op hoogte van die Bedieningsplan gebring moet word.

Daar is jaarliks gesprek tussen die Finansiële en Bedieningskommissies met die oog daarop om die begrotingsproses so te beplan dat daar in samespraak met die gemeente en deur die bepaling van die behoeftes van die verskillende bedieninge, beplanning vir die volgende begrotingsiklus gedoen kon word.

Wat die begrotingsimplikasies van die Bedieningsplan betref, word die volgende begrotingsitems as raamwerk gebruik:

a) *Die bediening in die gemeente*
b) *Die G5 en Internasionale bedieninge*
c) *Die Venterskroonbediening*
d) *Ander betrokkenhede*
e) *'n Gebeurlikheidsfonds vir nuwe bedieninge wat in die loop van die begrotingsjaar na vore mag kom.*

AANHANGSEL

DIE KERKGROEISTRATEGIE SAMEVATTEND

Die vier vlakke in die diagram hou onder meer die volgende in, wat taakstellings vir die Gemeente beteken:

Vlak 1: Verdiep in die Woord en bedien opbou en uitbou

- Die predikante se persoonlike geloofsgroei, geestelike ontwikkeling en toename in kennis van die Woord.
- Geesvervulde Woordverkondiging.
- Predikante bestudeer die Woord in die lig van die Missio Dei.
- Predikante rus die gemeente toe in gawes vir dienswerk om self primêre werk te doen

Vlak 2: Vier kern groei-elemente

1) Bid: die opdrag om volhardend vir kerkgroei te bid.

- Gebed 'n kernelement van elke bediening.
- Die gebedsbediening van die predikante moet verdiep.
- Ampsdraers en lidmate toegerus tot verdieping van hulle persoonlike gebedslewe.

2) Groei: die geloofsgroei van elke lidmaat en die groei in getalle van die gemeente

- Doelwit van bedieninge is geloofsgroei van lidmate.
- Ouderlinge doen Skrifstudie oor geloofsgroei.
- Besinning oor evangelisering.
- Getallegroei van die gemeente deur aktiewe evangeliseringswerk plaaslik onder alle gemeenskappe en die ondersteuning van sendingwerk in ander wêrelddele.

3) Lei op: opleiding van alle ampsdraers en lidmate

- Die herevaluering van elke ampsdraer se taak en die ontplooiing van lidmate se gawes om die amp van gelowige weer sy regmatige plek in die kerk te gee vir ’n evangeliserende gemeente.
- Bedieningstoerusting vir bediening van Kerkgroei vir predikante wat reeds in die bediening is en geldelike bystand daarvoor.
- Dat predikante hulle bediening so inrig dat ampsdraers en lidmate doelgerig en planmatig opgelei word vir kerkgroei.

4) Rig in: praktiese inrigting van die verskillende bedieninge in die gemeente om die Kerkgroeibediening te dien.

- Bestaande bedieningstrukture toets en aanpas en nuwe bedieningstrukture in plek sit om die doel van kerkgroei te bereik.

Vlak 3: Die Missio Dei as pylpunt van die strategie

Die fokuspunt van die Omkeerstrategie is gehoorsaamheid aan die opdrag van die Here om die gemeente so op te bou dat die kerk ook uitgebou word. Die Missio Dei speel dus ’n belangrike en sentrale rol in die verdieping van die Woord en die toepassing van die kerngroei-elemente hierbo.

Vlak 4: Alles tot eer van God

Hoewel die Missio Dei as pylpunt gesien kan word, kan dit nie doel van alles wees nie. Uiteindelik is dit ook net ’n middel tot die doel van ons bestaan, naamlik om God te verheerlik.

Februarie 2017